

Bloedmane: 'n Evaluering vanuit 'n Bybelse Perspektief – Nick Maartens

Omdat die vier opeenvolgende Bloedmane van 2014-2015 op sekere Joodse feesdae val, verkondig sekere leraars dat dit 'n waarskuwing en 'n boodskap vir Israel en die wêreld inhou. Die idee dat die huidige siklus Bloedmane profetiese betekenis het, word gebaseer op wat in **Joël 2:31** en **Openb.6:12-13** geskrywe staan. Die vraag wat gevra moet word, is of die huidige Bloedmane waarna verwys word, dieselfde is as die maan wat in **Joël 2:31** en **Openb. 6:12-13** genoem word. Na wat word in hierdie skrifgedeeltes verwys? Die volgende dinge word genoem: wondertekens in die hemel en op die aarde, bloed en vuur en rookpilare (**Joël 2:30**), 'n groot aardbewing, sterre wat op die aarde val en globale duisternis (**Op.6:12**).

*“En Ek sal **wondertekens** gee aan die hemel en op die aarde: **bloed en vuur en rookpilare**. Die son sal verander word in **duisternis en die maan in bloed**, voordat die groot en deurlugtige dag van die **HERE** kom” (Joël 2:30-31).*

*“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n **groot aardbewing**; en die **son het swart** geword soos 'n harige sak, en die **maan het geword soos bloed**; en die **sterre van die hemel het op die aarde geval**, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die **hemel het weggewyk** soos 'n boek wat toegerol word, en al die **berge en eilande is uit hulle plekke versit** en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; **want die groot dag van sy toorn het gekom**, en wie kan bestaan? (**Openb.6:12-17**).*

Matt.24:29-31 verwys na dieselfde tydperk waarin al hierdie dinge gebeur:

*“En dadelik ná die verdrukking van daardie dae **sal die son verduister** word, en **die maan sal sy glans nie gee nie**, en die **sterre sal van die hemel val**, en die **kragte van die hemele sal geskud** word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan” (My beklemtoning).*

Wat met die maan, die son, die sterre en die aarde in hierdie skrifgedeeltes gebeur, is **beskrywings van buitengewone, bonatuurlike “wondertekens”** wat deur God gedoen gaan word. Dit gaan gebeur tydens die oopmaak van die sesde seël wanneer God sy woede en oordele op die aarde uitstort (**Openb.6:12-17**). Wat in gedagte gehou moet word is die feit dat voor die dinge wat met die oopmaak van die sesde seël verband hou, kan gebeur, moet dít wat met die oopmaak van die eerste vyf seëls voorspel word, eers plaasvind – Eerste seël, Wit perd (Antichris), Tweede seël, Rooi perd (oorlog), Derde seël, Swart perd (hongersnood), Vierde seël, Vaal perd (dood deur swaard en hongersnood), Vyfde seël, wit klede vir afgestorwe martelare (**Openb.6:2-11**). Het die gebeure wat met die oopbreek van die eerste vyf seëls geassosieër word, al plaasgevind? Waarom word die gebeure wat met

die oopmaak van die eerste vyf seëls verband hou, geïgnoreer en word 'n groot ophef gemaak van die maan wat rooi word tydens die oopbreek van die sesde seël? Soos reeds verduidelik, terwyl die tekens wat God in Openbaring ses gaan doen, waar o.a. die maan ook gaan rooi word, bonatuurlike verskynsels gaan wees, is die huidige Bloedmane natuurlike verskynsels wat al vir eeue verband hou met die bewegings van die son en die maan. Hierdie siklusse van sons- en maansverduistering word al vir eeue in rekords opgeteken en kan vandag met behulp van NASA se webtuistes op die internet noukeurig bestudeer word.

Nog iets wat bevestig dat die verduistering van die son en maan wat in die Bybel genoem word, nie natuurlike verskynsels is nie, is die feit dat die Bybel verklaar dat die son en die maan gelyktydig hulle glans gaan verloor (**Matt.24:29**). Volgens beginsels wat die beweging van hemelligame bepaal, is dit onmoontlik dat dit op 'n natuurlike manier kan gebeur! Dit is dus duidelik dat die mane wat die maneprofete van praat, nie dieselfde maan is as wat in Joël en Openbaring na verwys word nie.

Is daar profetiese betekenis in die bewegings van die son, die maan en die sterre?

In die Bybel word mense verbied om die toekoms na aanleiding van die son, die maan en die sterre te voorspel (**Jes.47:13**). Die leraars wat verkondig dat die Bloedmane vir ons 'n boodskap oor die toekoms inhou, gebruik **Gen.1:14** om wat hulle doen, te regverdig: *“En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.”*

Betekén hierdie versie dat Christene na die hemelligame moet kyk om kennis oor die toekoms te verkry en om boodskappe van God te ontvang? Die meeste Bybelkommentators stem saam dat hierdie skrifgedeelte nie beteken dat toekomstige voorspellings gemaak kan word nie, maar dat God die hemelligame daar gestel het om ure, dag en nag, maande, jare en seisoene aan te dui. Nêrens in die Skrif is daar enige voorskrifte van hoe die bewegings van die hemelligame gebruik moet word om profetiese voorspellings te maak nie. Ons het reeds daarop gewys wat die Woord van God se gesindheid is teenoor diegene wat na die hemelligame kyk om voorspellings oor die toekoms te maak: *“Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red—die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom”* (**Jes.47:13**).

Wat van die Ster van Bethlehem?

Kan die Ster van Bethlehem (**Matt.2:1-12**) as voorbeeld gebruik word om te wys dat God profetiese boodskappe deur die bewegings van die son, maan en sterre aan ons stuur? Ek glo nie, want in die eerste plek was die verskyning van die ster tydens die geboorte van Jesus nie 'n natuurlike verskynsel nie. Dit was 'n bonatuurlike teken. Tweedens het die ster geen inligting aan die herders oorgedra nie, dit is deur 'n engel gedoen (**Luk.2:9-12**). Vir inligting oor die plek waar Jesus gebore sou word, moes hulle by die priesters en die skrifgeleerdes gaan navraag doen en dié moes hulle tot die Skrif wend om te sien wat daarvoor geskrywe is: *“... en hy het al die owerpriesters en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar laat kom en by hulle navraag gedoen waar die Christus gebore sou word. En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want **so is daar deur die profet geskrywe: En jy, Betlehem... want uit jou sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees”*** (**Matt.2:4-6**, my beklemtoning).

Die son wat vir 'n dag lank in die tyd van Josua stilgestaan het, was ook nie 'n profetiese teken met 'n boodskap nie, maar 'n bonatuurlike antwoord op gebed om vir Josua tyd te gee

om die Amoriëte te verslaan (**Jos.10:12**). Netso het die son wat in die tyd van koning Hiskia tien grade agteruit gegaan het, geen profetiese boodskap oorgedra nie, maar was dit 'n bonatuurlike teken op die versoek van die koning (**2 Kon.20:9**).

Wat van die verskynsel dat Tetrads ('n siklus van vier bloedmane twee jaar namekaar) met sekere Joodse feestye saamval?

Wat in gedagte gehou moet word is die feit dat die Jode hulle kalender en hul feeste op die fases van die maan baseer en dat dit dan logies is dat die kans goed is dat maanverduisteringe op hul feesdae sal plaasvind. Daar het glo in die 20ste eeu 37 maansverduisteringe gedurende spesifieke Joodse vakansiedae plaasgevind.

Die Bloedmaansiklusse van **1493-1494**, **1949-1950** en **1967-1968** word gewoonlik in verband gebring met sekere dinge wat met die Jode gebeur het. Daar word beweer dat die Bloedmaansiklus van 1493-1494 as waarskuwing moes dien dat die Jode uit Spanje verban sou word. As die werklike datums nagegaan word sal gesien word dat die Jode al in 1492, die jaar voor die Tetrads sou begin, al uit Spanje verjaag is! Netso vind ons dat die 1949-1950 Tetrads plaasgevind het twee jaar nadat die Verenigde Nasies Israel in 1948 as 'n onafhanklike staat verklaar het. Die Tetrads wat met die Sesdaagse oorlog in 1967 in Israel verbind word, korreleer ook nie goed nie. Die eerste Bloedmaan was op 24 April, 1967, terwyl Jerusalem op 7 Junie verower is. Die oorlog is op 10 Junie, 1967 beëindig. Die ander Bloedmane het al drie maande na die oorlog verby was, eers plaasgevind (18/10/67, 13/4/68, 6/10/68). As die Bloedmaansiklusse van die verlede as waarskuwings moes dien, wat was die nut as hulle eers ná die gebeure wat hulle veronderstel was om te voorspel, gebeur het. Hoe kon hulle "profetiese" waarskuwings van God gewees het? En as Bloedmane moet dien as waarskuwings van ernstige dinge wat kom, waar was hulle toe Jerusalem 70 n.C. deur die Romeine verwoes is en meer as 'n miljoen Jode in die slagting doodgemaak is? Dieselfde vraag kan gevra word toe omtrent ses miljoen Jode deur die Nazi's gedurende die Tweede Wêreldoorlog in gevangenskampe vermoor is. As die rekords nagegaan word sal gevind word dat daar in die verlede Tetrads plaasgevind het wat met geen belangrike gebeurtenisse verbind kan word nie. Hoe verduidelik 'n mens ook die feit dat van die gebeurtenisse wat tydens Bloedmane plaasgevind het, sommige negatief en sommige positief was? (Spaanse vervolging, Totstandkoming van Israel, Sesdaagse Oorlog- oorwinning).

Twee van die belangrikste propageerders van die Bloedmane-teorie is **John Haggee** en **Mark Biltz**. In 'n video promosie van sy boek "*In Defense of Israel*" maak John Hagee die volgende belanglike stelling: *"This book will expose the sins of the fathers and the vicious abuse of the Jewish people. In Defense of Israel will shake Christian theology. It scripturally proves that the Jewish people as a whole did not reject Jesus as Messiah. It will also prove that **Jesus did not come to earth to be the Messiah**. It will prove that there was a Calvary conspiracy between Rome, the high priest, and Herod to execute Jesus as an insurrectionist too dangerous to live. Since **Jesus refused by word and deed to claim to be the Messiah**, how can the Jews be blamed for rejecting what was never offered? Read this shocking expose, *In Defense of Israel*"* (My beklemtoning).

Enigeen wat al van sy materiaal gelees en na sy preke geluister het, sal weet van sommige van sy onBybelse leringe. So verklaar hy byvoorbeeld dat jy vervloek word as jy nie tiendes betaal nie (<http://www.tithing-russkelly.com>). Op 'n ander promosieprogram stuur hy sakkies sout aan gelowiges wat 'n soutverbond met hom sluit en wat daardeur onderneem om

donasies aan hom te stuur ([http://.jhm.org/donations/SALT covenant](http://.jhm.org/donations/SALT_covenant)). Vergelyk dit met wat Jesus in **Matt.5:37** leer.

Mark Biltz weer, is verbonde aan die misleidende Hebrew Roots-beweging. Hier is 'n aanhaling wat op sy webtuiste gelees kan word: *“My goal is not to convert Jews to Christianity but to bring non-Jews to a better understanding of YHVH through a better understanding of Torah. I think most Christians do not know YHVH as He really is but know Him as they have tried to create Him in their image rather than understanding they were created in His image. Many Christians believe they have a relationship with YHVH but they don't”* (<http://.web.archive.org>).

Wat veroorsaak Bloedmane?

Die mees algemene rede hoekom die maan soms rooi vertoon is omdat dit met die opkom en met ondergang laag in die hemelruim hang en lig van die maan dan deur meer van die aarde se atmosfeer moet dring. Die rooi lig van die spektrum word minder versprei as die ander kleure. Baie stof en rook in die lug het dieselfde effek op die lig wat van die maan af gereflekteer word. 'n Baie meer dramatiese manier wat veroorsaak dat die maan rooi vertoon is gedurende sekere tipes maansverduisteringe. Wanneer die maan vol is en dit deur die skaduwee van die aarde beweeg, word dit nie meer deur die son se strale verlig nie. Indirekte rooi lig wat deur die aarde se atmosfeer beweeg, bereik wel die maan en wanneer dit terug weerkaats word, verleen dit 'n rooi kleur aan die maan.

Het daar gedurende die Bloedmane van April 15, 2014; Okt. 8, 2014; April 4, 2015 groot, dramatiese gebeurtenisse hier op aarde plaasgevind? Wat van Sept. 28, 2015 ?

Daar gebeur vandag so baie dinge met Israel en die wêreld, dat skaars 'n dag verloop sonder dat 'n mens iets dramaties oor die nuus hoor! Dit is net logies dat sommige van hierdie gebeurtenisse toevallig op sekere Joodse feesdae sal val! Maar soos reeds verduidelik; watter afleidinge moet ons maak van al die dramatiese gebeure wat in die Geskiedenis met die Jode gebeur het wat gladnie aan bloedmane of feestye gekoppel kan word nie?

Slotsom

In konteks gesien, verwys die gebeure wat in **Joël 2:31** beskryf word, na die tyd net voor die wederkoms van Jesus Christus wanneer God Sy oordele op die aarde gaan uitstort. Dit staan bekend as **“Die Dag van die Here.”** In 'n tyd van groot verdrukking sal Israel tot God uitroep en Hy sal namens hulle ingryp en hul vyande verslaan. Israel sal gedurende dié tyd tot bekering kom en Jesus as hulle Messias aanvaar. Dit is na dié tyd waarna die gebeure wat in Joël 2:31 genoem word, verwys. Hoekom kies die propageerders van die Bloedmaan-teorie net sekere gedeeltes van Joël 2:31 uit en maak geen melding van die ander tekens wat in die konteks genoem word nie? – bloed, vuur, rookplare (Joël 2:31) en 'n magtige oorlogsmag wat die stad oorval en huise binnedring en verwoes (**Joël 2:1-10**). Ook sal daar gedurende dié tyd 'n groot globale aardbewing wees. Die sterre sal op die aarde val en duisternis sal heers terwyl mense vir hul lewens vlug (**Openb.6:12-17**). In plaas daarvan dat die Mane-profete spesifiek verklaar dat al hierdie dinge gedurende die 2014-2015 Paastyd gaan plaasvind, voorspel hulle baie vaag dat God “iets aan ons probeer sê.” Hulle is ook nie baie spesifiek as hulle voorspel dat “iets belangriks” in die Midde-Ooste” gaan gebeur nie. Wanneer daar na mane en na NASA gekyk word, in plaas van om die Woord van God te bestudeer om profetiese afleidings te maak, kan 'n mens ernstig mislei word!

Nick Maartens, Bloemfontein, 0827826074

Webtuiste: www.nickmaartens.co.za

E-pos: nickmaartens@hotmail.com